# Dit is tyd vir die NG kerk om sy versoeningsbedryf as sonde te bely.

Daar gebeur dit toe.

Die moderatuur van die Algemene Sinode van die NG Kerk kon nie meer aanhou met die versoeningsbedryf waarmee hulle die NG Kerk in die nuwe nasiestaat van Suid Afrika ingelei het nie.

Op 1 Maart 2016 doen hulle die ongewone stap om ŉ brief aan elke lidmaat van die NG Kerk te stuur waarin hulle dan vir die eerste keer teenoor lidmate die werklikheid van hulle posisie in die land erken:

"Ons is egter bekommerd oor die kultuur van minagting en stereotipering wat oor die afgelope jare in ons land ontwikkel het. Byna alle indekse dui daarop dat die sosiale kohesie in ons land onder toenemende druk verkeer en rassespanning as gevolg daarvan toeneem. Die wyse waarop mense, waaronder ons lidmate, gestereotipeer, uitgesluit en bedreig word en soms met venyn beledig word, is kommerwekkend. Baie van ons mense verkeer, soos ander Suid-Afrikaners, ook vanweë ekonomiese redes onder uiterste druk. Voeg hierby die plaasaanvalle en plaasmoorde wat duisende gelowiges se lewens radikaal beïnvloed en verwoes. Grondeise wat vir jare en jare draal, ontneem landbouers van hulle sekuriteit en toekomsvisie. Die regering se voorgestelde beperking van die grondoppervlakte wat boere mag besit, hou ook nie rekening met die eise van suksesvolle kommersiële landbou nie en is 'n bedreiging vir voedselsekuriteit. Die styging in voedselpryse raak almal in ons land, maar veral die armstes word swaar getref. Dit plaas uiteraard ook druk op ons vermoë om diegene wat arm is en ly, te help. Die droogte het ons landbougemeenskap verder onder geweldige druk geplaas. Die gebrek aan basiese dienslewering en noodsaaklike onderhoud aan paaie, elektrisiteits- en watervoorsienings-netwerke wek ook groot kommer en frustrasie.

Ons hoor voortdurend verhale van jong lidmate van die NG Kerk met uitstaande akademiese prestasies in matriek wat nie keuring vir hulle voorkeurkursusse aan tersiêre instellings kry nie. Druk op openbare skole tot eentalige onderrig in Engels het eweneens implikasies vir lidmate se taal- en opvoedingsvoorkeure.

Die voortgaande ontwrigting op verskeie universiteitskampusse is 'n bron van baie groot kommer. Die wyse waarop studente geviktimiseer word en onder druk geplaas word, die impak van groter politieke agendas wat op kampusse aan die orde kom en studente se lewens beïnvloed, die wyse waarop Afrikaans as onderrigtaal hanteer word, asook die hoogs bedreigende en vlambare omstandighede waarin studente hulle bevind, dra op grootskaalse wyse by tot mense se gevoel van bedreiging en spanning. Die oënskynlike gebrek aan ewewigtige leierskap deur die regering – waarin die belange van almal ewe ernstig geneem word – vererger grootliks die gevoel van onveiligheid.

Ons verstaan dat baie lidmate tans op 'n emosionele vlak swaarkry, ontwrig is deur openbare disrespek, diskriminasie ervaar en daarmee saam diep gevoelens van vernedering en verwerping beleef."

Hierdie erkentlikheid om openlik die werklike posisie van lidmate te erken, verskil radikaal van die Algemene Sinode ene streeksinodes, en daarmee die predikante,

wat besig was met die versoeningsbedryf van die NG Kerk. In hulle visie van burgerlike versoening was hierdie werklikheid tot en met die aanval op Afrikaanse studente op universiteitskampusse 'n blindekol.

Die versoeningsbedryf van die NG Kerk was vroeg in die negentiger jare verwoord in die beleidstuk van "Versoening, armoede en moraliteit." Met hierdie beleid het die NG Kerk gekies om die nuwe burgerlike posisie van sy lidmate in die nuwe staatkundige bedeling te visioneer as "versoening".

NG lidmate is deur hulle eie geestelike leiers in die posisie geplaas dat hulle moes vergoed vir die sonde van apartheid deur boetedoening. Hulle moes die bemagtigende optrede van die regering teenoor hulle waarin hul van die openbare gemeenskap uitgesluit is, aanvaar as "regstellende aksie" soos onder andere deur die sinode van Noord Transvaal besluit.

Geestelik het dit beteken dat hulle moes uittree uit openbare posisies en terugstaan in die werk vir mense wat nie gekwalifiseer is vir die werk nie, meer nog, moes hulle mense oplei om hulle werk oor te neem. Dit alles in die geestelike gedweë houding van boetedoening en versoening. Om jouself te laat marginaliseer is hoe jy burgerlike versoening moes bedryf.

Dit was ook die beleid van die NG Kerk dat boere hulle grond moet opgee in grondeise as deel van die boetedoening en versoening van die sonde van apartheid. Oor plaasmoorde het NG leiers die vermoede gekoester dat dit boere is wat swak arbeidsverhoudinge het en nie in die gees van versoening leef nie wat vermoor word.

Wat was die kerndwaling van hierdie leiersvisie?

Dit was om die versoening van die Here Jesus Christus met sy kerk voor te hou as die wyse waarop burgerlike versoening in die land sou plaasvind.

Daarmee is die binnekerklike verbintenis wat net tussen lidmate kan bestaan in hulle eenheid met Jesus Christus, die rolmodel gemaak vir die verhouding van alle mense in die Suid Afrikaanse gemeenskap as openbare gemeenskap.

Dit het naasteliefde volgens die wet van God as die werklike basis vir medemenslike verhoudinge in die Woord van God verdring. Naasteliefde volgens die wet is vervang met Christelike versoening as burgerlike instelling. Daarmee is die werklikheid van liefde vir jou vyand volgens God se wet ook verdring.

Hoekom het die spiritualiteitsleiers hierdie skuif gemaak?

Met hierdie vervanging van naasteliefde volgens God se wet as die openbare posisie van gelowiges in die burgerlike samelewing, met Christelike versoening, het die geestelikes in die NG Kerk hulleself die nuwe gemeenskapsleiers in die nuwe Suid Afrika gemaak.

Hulle kon nou die Afrikaanse gemeenskap lei om die oorheersing van 'n kwaadwillige en vyandige owerheid te aanvaar as deel van hulle geestelike boetedoening: om die sonde van apartheid te bely en reg te stel. Die geestelike droom was dat hierdie prys wat betaal word versoening sou bewerk.

Hulle het hulself die leiers van die oorheersing van die owerheid oor hulle lidmate gemaak in die waan dat hulle so openbare gemeenskapsleiers saam met die nuwe leiers elite sou wees. Hulle sou nie saam met hulle lidmate gemarginaliseer gewees het nie. Dit is gedoen met die slagspreuk: "Ons kan 'n groot verskil maak en groot invloed uitoefen." Dit sou vir hulle vrede bring en nuwe verhoudinge vestig.

Die openbare verdringing van die Afrikaanse gemeenskap uit die openbare lewe is voorgehou as versoening: hulle moes self terug staan en hulle self aan hierdie oorheersing onderwerp om daarmee versoening vir die sonde van apartheid te bewerk.

Die oneerlikheid van hierdie versoeningsbedryf was dat dit die strategiese verskansing was van bates en opgepotte welvaart van hulle wat veilige finansiële posisies gehad het. Die mense wat die prys van versoening moes betaal was die volgende geslag en die werkersklas.

Met hierdie versoeningsvisie is die werklike vyandigheid en strategiese kwaadwilligheid om Afrikaanses te marginaliseer in die openbare lewe ontken vir lidmate. Die blindekol was nodig om burgerlike versoening te bedryf wat nie bestaan het nie.

Die aanval op Afrikaanse studente het die laaste krag van hierdie blindekol laat verbrokkel. Die werklikheid van kwaadwilligheid en vyandigheid wat hom nie laat versoen nie, het gewys wat die werklike posisie van die Afrikaanse gemeenskap in die openbare lewe is.

En toe moes die Algemene Sinode dit vanuit hulle blindekol erken.

Wat hulle nie gedoen het nie is om hulle aandeel in die opbou tot hierdie verval te erken. Hulle probeer die posisie wat hulle lidmate in is gerieflikheidshalwe voorhou as iets wat nou later sou ontwikkel het en nie deel van hulle versoeningsbedryf van die begin af was nie.

Die posisie waarin hulle nou erken hulle lidmate is, is nie as gevolg van nuwe gebeure nie. Lidmate is in hierdie openbare posisie deur die NG Kerk in versoen, met ŉ versoening wat net vir kerk bedoel is.

Naasteliefde volgens God se wet as verbintenis tot die openbare gemeenskap sou lidmate die reg gegee het om vyandigheid as vyandigheid openbaar te kon erken en herken. Dit sou hulle die krag en reg gegee het om hulle teen kwaadwilligheid en vyandigheid te kon verweer.

Maar dit is hulle ontneem in die waan van versoening.

Dit sou hulle ook aan die lewenskuns van liefde vir jou vyande verbind het. Dit sou hulle in ŉ lewenskuns geoefen het om hulle en hul vyande aan God se wet te hou.

Maar dit is hulle ook ontneem.

Versoening het beteken dat jy nie jou op die reg van God se wet kan beroep nie omdat jy die prys van apartheid as offer moes betaal.

Die NG Kerk het saam die ellende van die openbare posisie van sy lidmate met ŉ versoeningsbedryf geskep.

Dit is regtig tyd dat hierdie versoeningsbedryf nou as sonde bely moet word. Dit sal die huidige leiers vir ŉ slag die geleentheid gee om nie die sondes van gestorwe geestelike leiers te bely nie, maar om hulle eie sondes te bely.

Die kern van hierdie belydenis moet wees: “Ons het ons pêrels voor die varke gegooi. Ons aanvaar hulle het dit vertrap, omgedraai en val ons nou aan. Die Here het ons gewys ons moet dit nooit doen nie, maar ons wou nie luister nie. Ons wou gemeenskapsleiers wees vir ŉ gemeenskap waarin ons lidmate nie bestaansreg het nie en hulle geloof en liefde geminag word.”

Die bekering wat hierdie geestelike leiers moet maak moet so wees: “Ons sal nie meer geestelike leiers vir die gemeenskap of kerk probeer wees nie. Ons sal probeer om bedienaars van die Evangelie te wees vir en ŉ gemarginaliseerde gemeenskap wat nog steeds deel van God se uitverkore kinders is.”

Kom ons bid vir hulle dat dit nie weer 40 jaar sal vat nie. Kom ons bid vir die kerk dat hulle sonde nie weer deur ŉ nuwe geslag bemagtigde geestelike leiers bely sal word om weer hulle eie sondes mee te bedryf nie. Kom ons bid dat die Here vir sy kerk in die Afrikaanse gemeenskap bedienaars van sy Woord sal stuur.

ds. PJ Kriel